# HOOFSTUK 1

## Probleemstelling

Daar word vandag allerweë kommer uitgespreek oor die kwessie of ouers nog hulle verantwoordelikheid teenoor hulle kinders nakom en kan nakom. Die werkende moeder, gesinsverbrokkeling, die veranderde en veranderende wêreld waarin ons leef, die nuwe permissiewe gees in die moderne samelewing, is maar enkele van die vraagstukke wat 'n verreikende invloed op die roeping en taak van die ouer uitoefen. Enkele van hierdie vraagstukke sal verder toegelig moet word.

Vervolgens sal rekenskap gegee moet word oor presies wat die roeping en verantwoordelikheid van die Christelike ouer behels. Dit gaan hier om die Christelike ouer en om die opvoeding van die Christelike kind, die verbondskind. Christenskap en dus ook Christelike ouerskap, is 'n universele verskynsel wat nie gebonde is aan nasie of land nie. Ouerverantwoordelikheid is dus ook universeel, maar sonder om aan hierdie feit afbreuk te doen, gaan dit hier veral en in die eerste plek om die Christelike ouer in Suid-Afrika en meer spesifiek om die Christelike Afrikaanse ouer.

Dit is dan ook noodsaaklik dat ons die roeping en die taak van die ouer uit 'n bepaalde gesigspunt

sal moet benader, want 'n mens se lewensbeskouing bepaal ook sy beskouing van die opvoeding wat hy vir sy kinders verlang. Opvoeding kan óf God-gerig, óf mens-gerig wees. Vir ons kan dit maar net God-gerig wees en daarom gaan dit vir ons hier om 'n Christelike opvoeding soos gesien vanuit 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing.

Enkele van die belangrikste aspekte van die pedagogiese taak van die ouer sal hierna aandag geniet. Ook hierdie taak sal beskou moet word in die lig van die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing. In die verband sal ook besin moet word oor die vraagstuk van delegering van ouerlike verantwoordelikheid en gesag m.b.t. bepaalde aspekte van sy pedagogiese taak.

Verder sal daar ook besin moet word oor wat die implikasies van die ouer se verantwoordelikheid vir die onderwyser en die skoolorganisasie is. Die onderwyser en die skoolorganisasie waarvan hier sprake is, is die Christelike onderwyser wat die Christelike en nasionale lewens- en wêreldbeskouing huldig en die Christelike skool wat ontstaan het as 'n resultaat van hierdie beskouing. Die onderwyser neem 'n deel van die ouer se verantwoordelikheid vir sy rekening, en sy taak van opvoeding en onderwys moet deur hom uitgevoer word binne die raamwerk van

die skoolorganisasie. Dit spreek vanself dat die skoolopvoeding in die Christelike-nasionale skool geen geringe bydrae tot die opvoeding van die kind lewer nie en daarom sal gepoog word om ook hiervan rekenskap te gee. Daar sal in die verband ook aandag gegee word aan die verhouding tussen huis en skool en die kwessie van medeverantwoordelikheid vir die opvoeding van die kind. Die persoonlikheid en lewensbeskouing van die onderwyser sal uit die aard van die saak ook ter sprake moet kom. Dit is egter nie die bedoeling om die volledige pedagogiese taak van die skool in oënskou te neem nie. Enkele praktiese implikasies en vraagstukke wat daarmee verband hou, sal ten slotte ook in oënskou geneem word om daarmee o.a. ook die moontlikhede vir verdere navorsing aan te dui.

Die onderwerp van ons bespreking leen hom by uitstek tot 'n filosofiese benadering en die grondmetode van navorsing sal dan ook die wysgerige besinning wees. Die navorsing berus dan ook op die wysgerige beskouinge van opvoedkundiges in Suid-Afrika en oorsee.

Daarbenewens sal daar egter ook gebruik gemaak word van die resultate van empiriese en sosiologiese navorsing, waar van toepassing, met die doel om bepaalde aspekte toe te lig of bepaalde wysgerige stellinge te staaf.

Die afdeling oor die implikasies vir die onderwyser en die skoolorganisasie is egter 'n eie beskouing.